durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

24 Februarie 2019

**24 Februarie 2019, Nagmaal**
**Preekreeks TRINITEIT: VADER**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Ds. Mizelle Prinsloo*

18:00 **@6 Diens**
*Bea Pretorius*

**Deuroffer: Hospitaalbearbeiding**

Om gemeenteleiers te begelei om by God se sending na die wêreld betrokke te raak deur saam, as familie van kerke, nuwe geloofsgemeenskappe te ontwikkel.

**3 Maart 2019,**
**Preekreeks TRINITEIT: VADER**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds.Johan Els*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens**
*Arno Mattheus*

**Deuroffer: Hugenote Kollege**

## NUUS:

24 Febr: **NAGMAAL**
25 Febr: Kerkraadsverg.
28 Febr: Seniorgroep
1 Maart: Wêreldbiddag vroue
2 Maart: Wêreldbiddag mans
3 Maart: **1ste Lydensweek**, Doop
6 Maart: Aswoensdag, Plaasfees biduur 18:00
9 Maart: **Durbanville Plaasfees**
10 Maart: Belydenisaflegging
12 Maart: Doopkategese
15 Maart: Skole sluit

# God is liefde en Hy vergewe …

### Eienskappe van God

### Hy is liefde

Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde.
*1 Johannes 4:8*

Sy liefde kom sekuur in perspektief wanneer ons besef dat hy die onheiliges liefhet en sy seëninge uitstort oor dié wat na regte vir hulle sondes gestraf moet word.

Dit is sy liefde wat maak dat jy met vertroue na Hom toe kan gaan. Dit is sy liefde wat joú onthou, maar jou sondes vergeet.

### Hy vergewe

Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk.
*Psalm. 103:1-5*

Jy beleef twee soorte skuldgevoelens. Die een is die feit dat jy strafbaar is voor God. Jy het sy wet oortree – jy is skuldig. Die ander is die besef van jou verdorwenheid. Jy voel skuldig.

Jou skuld kan jou vernietig, maar jou gevoel



van skuldig wees, kan jou lei.

Dis reg dat jou sondes jou pla. Dit hoort so. Sonde is beledigend en afstootlik vir God. Maar jou geneigdheid om daaroor moed op te gee, is nie hoe geloof maak nie. Geloof glo en ontvang God se vergifnis. Hy vergewe sy mense.

**Hoe bid ons** – Bid tot God ons Vader – Yahweh

God se naam Yahweh kom 6800 keer in die Ou Testament voor. Vir die Israeliete was dit die persoonlike naam van God.

Toe sê God vir Moses: Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê, "Ek is" het my na julle toe gestuur." Eksodus 3:14

God is liefde, Hy is wat Hy sê Hy is, daarom kan ons glo dat Hy vir ons lief is en dat Hy ons vergewe.

### Hoe luister ons

***Bid oor die volgende vrae:***

Wat leer die naam Yahweh my van God?

Wat leer die naam Yahweh my van myself?

Wat kan ek nou gaan doen, omdat ek die naam Yahweh beter verstaan?

### Hoe leef ons

1. Hoe byt en verskeur ons mekaar polities, binne gesinne, op sosiale media, binne werksverband. Noem voorbeelde. Het dit onlangs met jou gebeur dat jy "gebyt en verskeur" is? Het jy dit dalk aan iemand anders gedoen. Deel gerus, indien jy vrymoedigheid het. Deel veral julle gevoelens van slagoffer en aggressor te wees.
2. Hoe belangrik is dit dat ons onder die beheer van die Heilige Gees moet leef, om gestalte te gee aan die feit dat God is liefde – ons is trouens beelddraers, weerkaatsers van Sy liefde. (Wenk: Dit kom waarskynlik nie oornag nie, maar kos inoefening.)
3. Hoe verstaan jy dit om onder die beheer van die Gees te leef?

Gebruik die skrifgedeeltes om die vrae te beantwoord:
Gal. 5:13-17, 22; 1Joh. 3:13-18; 4:7-16.

glow KIDZ
Kinders wat Glo en Leef met Omgee in ons Wêreld

**10 Maart 10:00 GlowKidz diens**

**Al die kinders is in die kerk saam met die ouers vir die eerste halfuur. Daarna sal hul na hul kategese klasse gaan.**

Navrae: Stephanie 083 278 7111

# Vanuit die Uitreikkantoor …

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### ATTIE VAN WYK PRIMÊRE PLAASSKOOL

Die graad 1 klassie by Attie is dringend op soek na ’n Tannie of Oom wat bereid sal wees om op ’n Woensdagoggend vir hulle ’n Bybelstorie te kom vertel.

As die Here jou roep vir hierdie taak, kontak asseblief vir Nelda Rousseau by neldarou@gmail.com of via whatsapp of SMS op 083 235 1400






Bergsig se **"Love Unveiled" Projek** ondersteun 'n nuwe projek in Mitchells Plain. Ons het twee vraghouers geskenk gekry, maar beide moet geskuif word na die terrein. Voorlopige kwotasies beloop R25 000. Indien iemand kan help met vervoer of 'n finansiële bydrae wil maak, kontak asb vir Almo Bouwer (082 774 1797) of Andre vd Westhuizen (074 330 4431).

Die een vraghouer is deur 'n groot kleinhandelgroep geskenk, maar alle kentekens/advertensies moet verwyder word voor dit hul terrein mag verlaat. Ons soek 'n span geesdriftige helpers om oor 'n naweek die vraghouer voor te berei vir vervoer.

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

### Durbanville Kinderhuis




Ons vier trots 100 jaar in Durbanville in 2019 en hoop dat julle saam met ons fees sal vier deur ’n tafel tydens ons Jaarlikse Bal te borg.

Die **Jaarlikse Durbanville Kinderhuis-Bal** word op 17 Mei in die Mount Nelson Hotel te Kaapstad aangebied. Dit is altyd ’n baie populêre funksie en ons wil u graag vra dat u ons ondersteun deur ’n tafel teen R 10 000 (10 gaste) of R1 000 per persoon te bespreek.

Vanjaar se Kinderhuis-Bal, beloof weer om ’n spoggeleentheid te wees met **Jo–Anne Strauss** as seremoniemeester, **Wicus van der Merwe** wat weer die veiling vir ons gaan behartig en **die orkes “Sound Images”** wat die dans musiek sal verskaf.

U kan uitsien na ’n smaaklike driegang-maaltyd en Durbanville Landgoedwyne sal bedien word.

Hierdie is die grootste jaarlikse fondsinsameling van die Kinderhuis en ’n ideale geleentheid om familie of werkskollegas op ’n lekker aand uit te bederf . U sal dan ook bydra tot die versorging van die 144 sorgbehoewende kinders in die Durbanville Kinderhuis.

Vir meer inligting kontak Johanna Strauss by jstrauss@durbanvillekinderhuis.org.za of 021 975 6822.

# PAASNAWEEK

## Heuningvlei-Cederberge familie-vriendelike uitreik



Gesinne het baie keer die behoefte om meer interaksie met ander kulture te hê en ook hul geloof te deel, maar weet nie altyd waar en hoe nie.

18-22 April 2019 bied so ‘n geleentheid vir gesinne in ‘n veilige omgewing.

Die familiekamp en uitreik strek oor Paasnaweek en sluit ’n Paasprogram in.

Bespreek vroegtydig. Meer inligting volg.

Navrae: Jaco van Vuuren

# Voorbidding

*Bel Ds. Mizelle by 083 394 1101 om deel van die gebedsketting te word of e-pos na: ds.mizelle@bergsigdv.co.za*

# Knieltyd

| | | | |
|---|---|---|---|
| Adrihan Saayman (baba) | Vertitas 4, 082 551 6483 | Hospitalisasie | *Herstel en bemoediging* |
| Stella Malan | Erf 168 Klipheuwelpad, 083 726 4167 | Ma en skoonma oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kankerdiagnose | *Herstel en bemoediging* |
| Terry Terblanche en kinders | Murraystraat 21, 021 976 6993 | Vrou en ma oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Boetie van Niekerk | Occultdale, 083 288 4979 | Mediese behandeling | *Dankie vir beterskap* |
| Stienie Lategan | Fairtrees 8, 082 960 4258 | Hospitalisasie | *Herstel en bemoediging* |
| Babs Cronjé | Fairtrees 17, 021 979 3019 | Operasie | *Herstel en bemoediging* |
| Wouter Grové (13 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | *Herstel en bemoediging* |
| Magriet Roeland | Fairtrees 12, 072 715 1881 | Mediese behandeling | *Herstel en bemoediging* |
| Johan Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Herstel na hartaanval | *Herstel en bemoediging* |
| Vickie Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Rugoperasie | *Herstel en bemoediging* |
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Mediese behandeling | *Bemoediging* |
| JC Smith | Richterstraat 8., 082 563 0408 | Mediese behandeling | *Herstel en bemoediging* |
| Babs Schoeman | Summer Places 2, 021 975 4965 | Mediese behandeling | *Herstel en bemoediging* |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***

## Ons verwelkom met bewys van lidmaatskap:

Pieter Gysbert Steyn Neethling, Anna Gladys Cillié (nou Neethling) en dooplidmate: Carl André, Petrus Johannes Cillié, Charl Daniël en Pieter Gysbert Steyn Neethling vanaf Durbanville
Geraldine van Jaarsveld (nou Van der Linde) vanaf Dwaalboom
Annaliese Horn (nou Cronje) vanaf Vishoek
Martin Jansen van Vuuren, Enalene Smith (nou Jansen van Vuuren) en Dian en Helani Jansen van Vuuren (dooplidmate) vanaf Stellenberg
Deric Dudley vanaf Port Elizabeth-Wes
Hendrikus le Roux, Liezel Cornelia Janse van Rensburg (nou Le Roux) en Tania en Christian Wynand le Roux (dooplidmate) vanaf Townsview
Hemanus Christoffel du Toit, Rachel Gezina Uys (nou Du Toit) en Talita Sophia du Toit (dooplidmaat) vanaf Ned Herv Gemeente Oos-Moot
Hendrik Van Eeden Bester en Carolina Barendina van der Walt (nou Bester) vanaf Rietfontein-Noord
Rolene Noordman (nou Jones) vanaf Die Strand
Fernando José Coito de Oliveira en Nicolette Olivier (nou De Oliveira) vanaf Durbanville






**MANS TGIF** 05:45

Vrydagoggende - Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

**SENIORGROEP MAANDELIKSE VERGADERING**

**Datum: 28 Febr 2019**

**Tyd 9:30**

**Plek: Bergsig Gemeente**

**Spreker: Kobus Antonissen**
**Bespreking van sy boek "Dans met die lewe".**
**Die boek sal teen R230 te koop wees.**

**Lede wat die uitstappie op 28 Maart na Houtbaai wil meemaak moet op Do 28 Febr hul R100 per lid betaal.**

**Maintenance of commercial, industrial and residential properties**

Painting & waterproofing
Drywalling, plumbing & electrical
Laminated flooring & tiling
Roof repairs
Gutter & downpipe cleaning
BICS - Installation and repairs

FREE QUOTATION

084 610 1739
leon@makariosms.co.za

makarios
maintenance solutions

REGENERATION YOUNG ADULTS

# YOUNG ADULT KLEINGROEP

OPSOEK NA 'N PLEKKIE OM SAAM TE KUIER EN GEESTELIK TE GROEI?





Begin Woensdag
6 Maart 2019
19:00-20:30
Jeuglokaal

KONTAK ARNO BY 072 955 0670
SENIORJEUG@BERGSIGDV.CO.ZA

Durbanville Gemeente

**VAKANTE POS: JEUGWERKER - KINDERBEDIENING**

**Durbanville Gemeente** adverteer die vakature 'n **Jeugwerker,** met 'n spesifieke fokus op **Kinderbediening**.

Sluitingsdatum: 26 Februarie 2019
Datum van indiensneming: So gou as moontlik
Vergoeding: Volgens Sinodale riglyne
Werksure: 5/8 pos

Aansoeke: moet vergesel wees van 'n kort CV met drie referente daarby, asook 'n kort narratief van waarom jy jouself as die geskikte kandidaat beskou. Aansoeke kan per e-pos gestuur word aan die volgende e-posadres vir aandag: Jackie : jackie@durbanvillegemeente.co.za gemerk: Jeugwerkpos. Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Meer besonderhede en navrae oor die inhoud van die pos is beskikbaar.

## NUWE LIDMATE

Kom sê hallo by die ontvangstoonbank!

Kontak die kerkkantoor as jy wonder hoe om lidmaat te raak administrasie@bergsigdv.co.za

**WÊRELDBIDDAG VIR VROUENS**

**Datum: 1 Maart 2019**

**Plek: Durbanville Katolieke Kerk (Agter Spur restaurant)**

**Tyd: 10:00**

**Tema: Die vroue van Slovenië**

**HET JY 'n PREEK GEMIS?**

Ons poog om alle preke op die web beskikbaar te stel vir lidmate om te luister. Met groot uitsondering ondervind ons soms tegniese probleme en is dit nie moontlik nie. Gaan luister gerus by www.bergsigdv.co.za by die skakel MEDIA/preke.

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na:**
**071 529 9491**

# TGIF MANNE KONFERENSIE



Hier sit die manne … om God se Woord en leer meer oor hulle identiteit in Christus. Dit maak so groot verskil as jou identiteit in Christus is en nie in jou werk, kar of huis nie. As jy kan RUS by God omdat jy 'n skepsel van Hom is en dus 'n spieëlbeeld. Die reëls van die 'Royal Hotel" word eenkant toe gestoot en maak plek om by God se voete te sit.




**SUSTERSconnect** - 'n Veilige ruimte waar vroue oor generasies heen saam kan dink en praat in geloof en 'n reis kan begin met 'n vriendelike "vreemdeling". Ons het in die skoene van Naomi gestap en kyk na haar vanuit 'n nuwe invalshoek. Die reis stop nie hier nie. Jy kan deel daarvan wees. Kyk gerus na ons reisplan hieronder.




### VILLA CORTONA AFTREE-OORD
### VAKATURE: OORDBESTUURDER

Pos: Ten volle tweetalige (Afrikaans, Engels) Oordbestuurder vir 'n aftree-oord.

Villa Cortona: Die aftree-oord bestaan uit (a) 106 enkeltitel huise, (b) 178 woonstelle in 'n deeltitel kompleks wat ook 26 bystandwoonstelle insluit, (c) 'n verpleegeenheid vir verswakte bejaardes, en (d) ruim tuine, oop areas en ontspanningsgeriewe.

Verantwoordelikhede: Die persoon wat aangestel word, sal verantwoordelik wees vir die professionele bestuur van die oord. Dit sluit in, maar is nie daartoe beperk nie, algemene administrasie, finansies, kontrakte en kontrakteurs, instandhouding van die infrastruktuur, versorging van die ruim oop areas en ontspanningsfasiliteite, sowel as enige billike taak wat die uitvoerende komitees van hom/haar mag verwag.

Kwalifikasies en Kennis (sommiges kan na aanstelling verwerf word): Matriek of hoër, basiese rekenaarvaardighede (bv. Excel, Word en Pastel), opleiding in Bestuur van Deeltitels en Basiese Arbeidswetgewing.

Ervaring en Ander Verwagtinge: Ervaring van spanwerk, bestuur en leierskap; gesonde balans in taak vs persoon georiënteerdheid, sober gewoontes, te alle tye aanvaarbaar van voorkoms en gedrag, oopdeur-beskikbaarheid wanneer nie in konsultasie of vergadering.

Vergoeding: Salaris R240 000 p.j., 13de tjek en 21 opeenvolgende kalenderdae betaalde jaarlikse verlof

Aansoek: Stuur CV van nie meer as 2 bladsye aan yoellmj@mweb.co..za

Sluitingsdatum: 28 Februarie 2019





**Regeneration:** Die graad 7 aand was 'n lekker lawwe kuier-aand by die kerk. Die groep het sommer gou tuis begin voel as deel van die tieners.








**AANDAG ALLE BESIGHEDE:**
Indien jy graag in die Ekspo area jou besigheid wil bemark, kontak vir **Jana Louw** om jou plek te bespreek
jana.plaasfees@gmail.com



**BAIE DANKIE VIR ALMAL WAT HARD BESIG IS OM TE WERK AAN DIE PLAASFEES. ELKE INSET MAAK 'N REUSE-VERSKIL T.O.V. DIE SUKSES VAN DIE DAG.**

Elke mens is in staat om op 'n ander manier by te dra. Ons kort nog heelwat van die volgende:

**KONTANT om produkte aan te koop vir die Roosterkoek-, Braai- & Hamburgerstalletjies**

**ALGEMEEN:**
**Jaffels:** kort mense wat maalvleis gaarmaak, brood-smeer

**Handwerk:** enige iets wat jy kan maak

**Hande:** op die dag van Plaasfees vir verkope
**Gebak:** Pasteie (Wild, bees, hoender, groente)

**Tombolatafel** - ons kort 'n konvenor

**Yskaste** - dit word by jou huis op en afgelaai met groot sorg.

## KINDERBLIKKIES KOMPETISIE

**1STE PRYS** geborg deur
www.opikopipartytjies.co.za

OpiKopi Farm Parties

**Bring kinder-blikkies terug op 3 Maart - wenner word op 5 Maart bekend gemaak.**

**Grootmensblikkies moet in wees teen 15 Maart en pryswenners sal op 7 April aangekondig word.**

## BLIKKIES KOMPETISIE 1STE PRYS

geborg deur www.thetops.co.za

The Tops Wilderness

**Met dank**

**ALLE PLAASFEESBELOFTES handig in asb. voor of teen 3 Maart 2019**





scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527